DIE BURGER

PROPERTIES

# Eiendomme

## Huis 'n kunswerk om in te woon - 4



FOTO: MAXABELLA-HUIS NO 102, ARABELLA-GHOLFOORD, KLEINMOND


- Dít skort met eiendomsmark - 2
- Montagu-juweel te koop - 3
- St. Stephen's vol verrassings - 6


Redakteur: Martiens van Bart   Saterdag 14 Junie 2008   Tel: 021 406 2823   E-pos: eiendomme@dieburger.com   Advertensies: 021 405 1113

# Dié luukse Kleinmond-woning



BO: Die interessante vooraansig van die huis. Die talle glasdeure lei na die ruim onthaalstoep en die groot swembad. Daar is ook 'n plonspoel.

**MARTIENS VAN BART**

EEN van die luuksste wonings in die Arabella-gholfbuurt naby Kleinmond, wat verlede jaar deur die tydskrif *House & Leisure* benoem is as "Huis van die Jaar 2007", is in die mark vir R16,9 miljoen. Dit word deur Engel & Völkers bemark.

Die woning vorm deel van die Arabella-gholfbuurtontwikkeling wat bekend staan as Maxabella Luxury Homes onder aanvoering van die Deense ontwerper-egpaar Mads en Charlotte Viuff.

Vier nuwe luukse wonings hier is tans teen R6,9 miljoen tot R16,9 miljoen te koop. Die vloeroppervlaktes wissel van 275 $m^2$ tot 650 $m^2$.

Die vyfde woning in dié buurt is pas aan 'n buitelandse belegger verkoop.

Huis 102, die fokus van hierdie foto-artikel, het ses slaapkamers, vier badkamers, 'n ruim kombuis en verskeie woonvertrekke – met onder meer twee kaggels – wat oop plan by mekaar aansluit. Daar is ook 'n wynkelder en twee motorhuise. Die woning beslaan altesame 650 $m^2$ en staan op 'n erf van 998 $m^2$.

Die vernaamste argitektoniese kenmerk binnenshuis is die besonderse oopplan-ontwerp met ontblote dakbalke en kappe, wat ook 'n sterk estetiese funksie het.

Die volop groot ruite versterk die atmosfeer van ruimtelikheid terwyl dit ook 'n onbelemmerde uitsig op die pragtige omge-



BO: Die sitkamergedeelte het 'n luukse, warm atmosfeer. Let op die versierende sowel as funksionele aard van die houtwerk. Regs is 'n kaggel.



LINKS: Die woning se ontwerp is beide interessant en ongewoon. Glas is mildelik gebruik om lig binne te laat sowel as om versierend te wees. Dié huis is 'n woonplek sowel as 'n kunswerk.

# 'n kunswerk om in te woon

wing, onder meer die Botrivier-strandmeer, bied. Die estetiese rol van die argitektuur is inderdaad van so 'n aard dat binnenshuise versiering onnodig, selfs ongewens, is.

Aardse afwerkings, soos klip en kunsmarmer, word gekontrasteer met die houtwerk van die dakkappe en -balke, asook verskillende hardehoutsoorte wat in ingeboude kaste, wat ook as afskortings dien, gebruik is. Ander materiaal is roesvrye staal, glas en aluminium.

Die eindresultaat is luukse smaakvolheid gekombineer met kunstigheid. Die woning is besonder funksioneel, terwyl dit ook 'n kunswerk is.

Die Franse argitek Le Corbusier het in 1923 gesê: "'n Huis is 'n masjien om in te leef." Maar in dié geval kan gesê word: "Dié huis is 'n kunswerk om in te leef."


● Rig navrae aan Zoë van Waesberghe van Engel & Völkers by ☎ 082 054 7808 of ☎ 021 670 9860 of stuur e-pos na zoe.vanwaesberghe@engelvoelkers.co.za.




**BO: Die eetkamergedeelte is met interessante pilare en ingeboude houtkaste afgesonder.**



**REGS: Die studeerhoekie met die trap agter. Let op die interessante kontrasterende gebruik van klip, glas, hout, staal en pleister.**



**BO: Die luukse, ultra-moderne kombuis met sy marmer- en houtafwerkings. Die geriewe is die nuutste op die mark.**



**REGS: Die pilare wat die dakkappe dra is, nes die houtwerk, ook interessante versierende argitektoniese elemente.**